please pray

Junie 2010

Loof die Here want Hy is goed en Sy goedertierendheid is tot in alle ewigheid....

Wat het in Junie gebeur...

Baie dankie vir almal se gebede , ons kan waarlik getuig dat die Here getrou is en gebede beantwoord!

- **Dank die Here** saam met ons dat Hy vir ons in die maand se behoeftes voorsien het.
- Ons het 'n **borg** gekry wat die uitgee van ons **GO inligtings boekie** moontlik gemaak het. Die boekie is Sondag, 27 Junie, vrygestel. Dit is 'n boekie met inligting oor verskillende sending-aktiwiteite en korttermyn-uitreike wat plaaslik sowel as internasionaal, plaasvind.
- Nadat ons in geloof begin het met die voorbereidings vir Botswana, het die Here wonderbaaarlik vir ons die **finansies** daarvoor **voorsien**. Dankie Jesus!
- Ons het die "**Cross Border Mission Conference** " wat deur Global Challenge aangebied is in Jeffreysbaai bygewoon. Dit was baie geseënd en ons kon ook goeie sendingkontakte maak.
- Vordering is gemaak met die **beplanning** vir volgende jaar se **konferensie** waaroor almal baie opgewonde is. Die datum sal DV **29 Jun - 2 Jul** wees. Dit sal by ATKV Hartenbos plaasvind en die konferensie sal as volg bekendstaan: **"GO Conference 2011".**
- Ons het Saterdag, 19 Junie, 'n baie geseënde **gebedsoggend** vir die **Wêreldbeker sokker-lande** gehad. Ons kon ook tydens die eredienste vir verskillende lande intree wat 'n groter bewusmaking van wêreldsending by die gemeentelede tuisgebring het.
- Opmetings is by **JCC kamp** gedoen en daardeur kon vasgestel word wat die aard van die grondverskuiwingswerk sal wees.
- 'n Baie geseënde vergadering is met verskillende rolspelers van **Sonskynvallei** gehou. Ons vertrou dat hierdie projek ook eersdaags van die grond af sal kom.

  JCC Kamp en Sonskynvallei is twee projekte waarby ons tans betrokke is. Daar is alreeds twee Judea Harvest tente geskenk, maar die terreine moet nog voorberei word alvorens die tente opgerig kan word.

your mission our passion

<u>Bid asb saam met ons vir die volgende sake:</u>

- **Die GO boekie dat dit vrug sal dra** en mense sal aanspoor om aktief betrokke te raak by aktiwiteite om die Groot Opdrag uit te voer.
- Die **"GO Conference 2011**", dat ons die regte sprekers en werkswinkel-aanbieders sal kry.
- **JCC Kamp**- Die gelykmaak van die terrein.
- Besluite wat op die **Sonskynvallei** vergadering besluit is - dat dit suksesvol uitgevoer sal kan word.
- **Botswana Uitreik**: Dat ons 'n geseënde en vrugtevolle tyd daar sal hê. Ons beplan om DV 12 Julie te vertrek en sal die eerste week van Augustus terugkeer. Bid vir 'n veilige reis, beskerming teen malaria en wysheid rondom kerkplantingsmoontlikhede.

Dankie dat jy vir ons bid.

Groete in Jesus

Beyers , Christelle en kinders.

your mission our passion

"You have one business on earth – to save souls."

John wesley